
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za



DIE WOORD van God wat LEWENDIG IS

"As Kinders van God moet ons 'n deeglik fondasie lê waarop ons ons geestelike huis bou, anders sal dit nooit kan bly staan teen die storms van die lewe en aanslae van satan nie."

Alles in verband met God is belangrik. Die samekoms van die Gemeente (die Liggaam van Christus op aarde) is baie belangrik. Om God te loof en prys en eintlik om ons verhouding met Vader God te geniet, is baie belangrik. Maar om kennis te hê van die Woord van God, is baie belangrik! As Kinders van God moet ons 'n deeglik fondasie lê waarop ons ons geestelike huis bou, anders sal dit nooit kan bly staan teen die storms van die lewe en aanslae van satan nie. **Want dis juis hier waar ons swak is weens gebrek aan kennis** (Hos. 4:6), hier waar ons die meeste kwesbaar is. Glo my, satan weet maar al te goed waar ons swakplekke lê. Dit is daarom wat ons moet teruggaan na die fondasie van ons geestelike gebou en kyk waar ons kan versterkings aanbring sodat ons kan staande bly en weerstand bied teen die aanvalle van buite.

Die rede waarom ons die Woord van God moet bestudeer, is omdat dit God se Woord aan die mens is. Psl. 19:8: **Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis; dit gee wysheid aan die eenvoudig.**

Dink jy dalk jy is 'n eenvoudige persoon? Daarom wil God hê dat ons Sy Woord moet lees sodat ons kan wysheid verkry en nie onkundig moet wees nie.

Psl. 19:9: **Die bevele van die Here is reg; hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer; dit verlig die oë.** 10: **Die vrees van die Here is rein; dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die Here is waarheid – tesame is hulle regverdig.** 11: **Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop.** (Hy gebruik hierdie beelde van goud en heuning omdat dit uit ons elke daagse lewens spruit – pragtige uitbeeldings van dit wat kosbare is en baie lekker is)

Die Woord van die Here is lewendig en dis 'n opwindende besef dat die Bybel wat ons in ons hande hou lewendig is, as ons dit ken en gehoorsaam daarop reageer.

Heb. 4:12: Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Het jy al gevoel dat jy wil uitroep, wanneer die leraar preek onder die inspirasie van die Heilige Gees: "Iemand moes vir die leraar vertel het waar ek bly, want hy lees my nou eintlik soos 'n oop boek voor die hele gemeente!" Miskien bloos jy selfs soms want jy weet jou vrou is bewus van sekere probleme in jou lewe – sy het seker vir die leraar daarvan vertel! Maar nee, dis die Woord van God wat lewendig is en dit kan die gedagtes en doelstellings van die mens ondersoek en onderskei. Daarom is dit belangrik om self die Woord te bestudeer.

Die volgende skrifteks is ook belangrik en besonder mooi en kwalifiseer die mag van die Woord van God. Die Bybel soos dit drukwerk op papier is, is leweloos, maar kyk wat staan in 1 Thess. 2:13: **Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo.**

Baie mense sê: "Ek glo nie die Bybel nie – ek glo nie al die dinge wat daar geskrywe staan nie." Nou ja, hulle sal ook dan nooit daardie krag ontvang wat in die Woord van God is totdat hulle dit glo nie! Want jy kan gedurig die inhoud van die Bybelboek lees maar as jy nie die inhoud daarvan glo nie, het dit geen krag nie. God sê Sy

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Woord van God…..)
Woord werk in hulle wat dit glo, en dis waarom dit sò belangrik is om die Woord te lees en te bestudeer en bo alles om dit te glo. Soos ons lees, word dit vir ons die lewe self (Rom. 10:17) 2 Tim 3:15**: En dat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.** Vers 16: **Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing tot onderwysing in die geregtigheid.** Die hele Skrif kom van God af en dit help ons om te weet wat die waarheid is en wys ons hoe om 'n verkeerde leer teë te gaan. Die Skrif wys ons ook as daar iets in ons lewe verkeerd is en leer ons om so te lewe soos God wil hê.

Waarom moet ons dus die Woord van God bestudeer? Want God het ons Sy Woord gegee vir hierdie vier gebiede: leerstellings, weerlegging, teregwysing en onderwysing. Twee positiewe en twee negatiewe areas, en ons het hulle almal nodig.

Ons weet die Bybel is in ons midde gelê deur die Heilige Gees Self. 2 Pet. 1:20 en 21: **Terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.**

Die Bybel is gegee deur die inspirasie van God, en die Gees het die Woord voortgebring. God het onfeilbare openbaringe gegee aan 40 feilbare manne oor 'n periode van 1600 jaar, tog oorvleuel hulle mekaar sonder enige weerspreking. Vir my is dit een van die grootste wondere van die Woord van God! Dit is 'n baie groter wonderwerk as wat sommige mense vertel van spesiale goue tablette wat hulle onder 'n rots gevind het geskryf deur 'n engel. Net die Here kan die wonder werk van 40 verskillende mense wat oor 'n periode van 1600 jaar skryf en hulle geskrifte so lieflik in mekaar laat vloei sonder enige teenstelling! Kom ons lees 1 Kron. 28:11: **En Dawid het aan sy seun Salomo 'n voorbeeld gegee van die voorportaal en die daarby behorende geboue, van sy skatkamers en sy bovertrekke en sy binne vertrekke en van die vertrek van die versoendeksel. Vers 19: Dit alles – al die werke van die voorbeeld – het Hy my geleer volgens 'n beskrywing uit die hand van die Here wat oor my was.** Hier praat Dawid van hoe God Sy Hand op hom gelê het en die patroon of plan van Sy huis eintlik op hom geskryf het. Dit was duisende jare gelede in die Ou Testament. Vandag in hierdie laaste dae, doen God vir ons dieselfde: Hy skryf Sy Woord op ons harte en maak aan ons bekend die plan van Sy huis, Sy tempel, wat elke Kind van God is.

Hoekom is die Bybel verdeel in twee Testamente? Dis baie belangrik dat ons dit sal verstaan, want daar is baie mense wat daarmee spog dat hulle Nuwe Testamentiese Christene is. Dis waar dat ons in die nuwe verbond is, maar baie meen dat die Ou Testament nie belangrik is nie – hulle reken dat die Ou Testament slegs daar was vir 'n natuurlike ras mense en glad nie verband hou met hulle vandag nie. Ek dink hier is groot mistasting. Lees Jes. 28:9: **Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is. Vers 10: Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.**

Hierdie is die prinsiep waarop God Sy Woord aan ons voortbring. Die Woord van God is:

1. God se voortgaande openbaring, Ou en Nuwe Testament, en voordat ons dit nie verstaan nie sal ons nie die Bybel reg kan waardeer nie. Dis voortgaande, die een volg op die ander. Dit skakel in mekaar en is nie los stukke nie asof God een ding vir 'n tyd lank probeer het en dit het nie goed uitgewerk nie, toe probeer Hy weer iets anders en dit het nie goed gewerk nie, toe finaliseer Hy alles deur die Nuwe Testament te skryf en die hele verlede net weg te gooi en te vergeet want dit het in elke geval nie gewerk nie! As jy sò 'n standpunt inneem maak dit van jou 'n kwesbare Christen! Die Bybel vanaf Genesis tot Openbaring is 'n voortgaande ontvouing van die Woord van God, en God se handelswyse met die mens in die Ou Testament ontvou dwarsdeur die Ou Testament en is voorbereidend en inleidend vir die Nuwe Testament.
2. Die Ou Testament is voorbereidend en inleidend vir die Nuwe Testament en daar is geen wyse waarop jy die Ou Testament kan lees sonder dat jy besef dit wys alles heen na iets anders, iets wat nog moet kom.
3. Die Ou Testament is gevul met tipes en skadus van die Nuwe Testamentiese Kerk.

1 Kor. 10:11: Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Hier praat God van die Israel van ouds. Elke gelowige behoort hierdie teks te verstaan: dis waarom ons twee dele in die Bybel het, die Ou Verbond en die Nuwe Verbond, die Ou Testament en die Nuwe Testament. 'n Man het eendag vir my gesê dat hy glo net in Jesus se woorde, die ander dinge is onbelangrik. Dit is nie die Bybel se gesindheid nie!

"Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo."

Rom. 15:4: Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

Ek wonder watter Bybel die vroeë kerk saamgedra het – daar staan tog dat deur dit wat tevore geskrywe is hulle bemoedig sou word. Miskien die King James Bybel – wat dink jy? Nee, dit was die boekrolle van die Ou Testament waaruit hulle lewe en hoop getrek het!

Heb. 8:5: Hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die Hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

Let op dat die afbeeldsels en skaduwees (van die Ou Testament) ons bedien om beter te verstaan.

Heb. 10:1: Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie….

Die skaduwee is nie die ware dinge nie, dit wys na die ware. Wanneer jy 'n skadu sien weet jy die persoon (die ware ding) kom nog. Die ware ding maak die skaduwee. Deur na die skadu van die Ou Testament te kyk, is jy in staat om die ware van die Nuwe Testament soveel beter te begryp.

2 Kor. 4:18: **….want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. Rom. 1:20: want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word….**

God het dinge gemaak wat ons kan sien dat ons die onsigbare dinge kan verstaan. As jy dus waarlik die geestelike huis van die Here (die Kerk is geestelike van aard) wil verstaan, en hoe dit funksioneer en die

(Vervolg op Bl. 6)

JESUS came to do THE WORKS OF HIS FATHER

(John 10:37-38)

How is it possible for man to know God's will regarding a given situation? Quite simply, God's Will is contained in His written Word – the Bible. We read in 2 Tim. 3:16: **All Scripture is given by inspiration of God, and is profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness.** We read an important truth in Numbers 23:19: **God is not a man, that He should lie, Nor a son of man, that He should repent. Has He said, and will He not do it? Or has He spoken, and will He not make it good?** Then again in 2 Cor. 1:20: **For all the promises of God in Him are Yes, and in Him Amen, to the glory of God through us.** And in 1 Pet. 1:25: **But the word of the Lord endures forever.**

We have thus established that God, unlike man, never changes. He is always consistent – Mal. 3:6 tells us: **For I am the Lord, I do not change,** and thus we conclude from all the above scriptures that God says what He means and means what He says – always, forever!

What then does He tell us in His Word regarding healing and His Will to heal? The Bible says that in the mouth of two or three witnesses, let the truth be established. (Matt. 18:16), so we will look at three scriptures which tell us that Jesus took our sin and sickness upon Himself. He paid for our sin and sickness on the cross so that we are able to receive forgiveness for our sins, and also healing for our body.

The first one is Is. 53:4-5: **Surely He has borne our griefs and carried our sorrows; yet we esteemed Him stricken, smitten by God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities; the chastisement for our peace was upon him, and by His stripes we are healed.** In the original Hebrew words 'grief' and 'sorrows' actually mean 'sickness' and 'disease'.

The second witness is Matt. 8:16-17: **When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed all who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying: "He Himself took our infirmities and bore our sicknesses."**

When we receive Jesus as our Saviour and Lord, we believe that He died upon the cross to redeem us from sin and yet He also carried our sickness.

The third witness is 1 Pet. 2:24: **Who Himself bore our sins in His own body on the tree, that we, having died to sins, might live for righteousness – by whose stripes you were healed.**

Praise God, we were healed by His stripes. We must remember that it was God's will to send Jesus to the world so that we might be saved if we repent of our sin and believe upon Him, according to Joh. 3:16. We therefore conclude that it was also God's Will for Him to pay for our sicknesses, according to the three above scriptures.

> **"For all the promises of God in Him are Yes, and in Him Amen, to the glory of God through us."**
>
> **2 Cor. 1:20**

Let us look for a moment at the leper in Matt. 8:2-3. He came to Jesus with uncertainty in his heart. Was it Jesus' Will to Heal him? He said, **"Lord, if thou wilst, thou canst make me clean."** (verse 2) At that moment Jesus expressed His eternal Will, and said: **"I will, be thou clean."** (verse 3) It was the will of Jesus to heal the leper **then,** just as it is God's Will to heal you and me **now!** His will does not change, because He is not inconsistent. Heb. 13:8 assures us that: **Jesus Christ is the same yesterday, today, and forever.** Jesus tells us in John 5:19: **Most assuredly, I say to you, the Son can do nothing of Himself, but what He sees the Father do; for whatever He does, the Son also does in like manner.**

He also says that the works that He does are the works of His Father who sent Him. When you look at Matthew, Mark, Luke and John you are actually witnessing God in action. He healed all those who came to Him in faith! Why would it be any different today?

I am a medical doctor, and if I thought that it was not God's Will to heal people, how on earth could I, a mere man, diagnose and treat patients successfully if God wanted them sick? It doesn't make sense. They would be in rebellion by consulting a doctor if it was God's Will for them to remain sick! Of course, it is God's Will to heal all, and He demonstrates this by having sent Jesus to pay the supreme price so that we can receive the benefits of the finished work of the cross of Calvary. Never, ever doubt that it is God's desire to heal you. He created you and knows what you have need of, and has made provision for your healing according to His Word.

God desires to heal you because it is in His very nature to do so, it is part of His character. In the Old Testament, one of His redemptive names is Jehovah Rapha, "I am the God that healeth thee". Romans 8:32 tells us that: **He who did not spare His won Son, but delivered Him up for us all, how shall He not with Him also freely give us all things?** He gave His sinless, spotless, only begotten Son, to die for us, we who are sinful and unworthy. Does this act not demonstrate a love and compassion beyond comprehension? Jesus, as He walked on this earth, having come to do the Will of His Father and to show us the Father, was filled with compassion and healed the sick. We read in Matt. 14:14: **And when Jesus went out He saw a great multitude; and He was moved with compassion for them, and healed their sick.** We read the account of the two blind men in Matt. 20:34: **So Jesus had compassion and touched their eyes. And immediately their eyes received sight, and**

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Jesus came to do the….)
they followed Him.

Jesus not only healed because He was the Son of God, God made flesh who came to dwell among us (John 1:14), but because of His infinite compassion. There are those people who reason that God sends sickness to reveal His Power and Glory, but just the opposite is true. It is when healing takes place that God receives praise and glory! We read this in Matt. 15:30 and 31: **Then great multitudes came to Him, having with them those who were lame, blind, mute, maimed, and many others; and they laid them down at Jesus' feet, and He healed them. So the multitude marvelled when they saw the mute speaking, the maimed made whole, the lame walking, and the blind seeing; and they glorified the God of Israel.** We see again in Luke 13:13 how God was glorified when the sick was healed. **"And He laid His hands on her, and immediately she was made straight, and glorified God."** When people receive their healing it is the most natural thing in the world to be filled with gratitude, thanksgiving and joy, which all spill over into an act of praising God and glorifying His Name. We see this in Acts 3:7-8: **And he took him by the right hand and lifted him up, and immediately his feet and ankle bones received strength. So he, leaping up, stood and walked and entered the temple with them – walking, leaping, and praising God.** How it is possible for anyone to suggest that sickness can be glorifying to God is beyond me, and makes no sense whatsoever! Healing brings glory to God!

Jesus Christ also heals so that He can confirm His mission from God the Father to this earth. In John 10:37-38 He says to the Jews: **If I do not the works of my Father, believe me not. But if I do, though ye believe not me, believe the works: that ye may know, and believe, that the Father is in me, and I in him.**

In the Great Commission at the end of the Gospel of Mark, we read: **And He said to them, "Go into all the world and preach the gospel to every creature". He who believes and is baptised will be saved; but he who does not believe will be condemned. And these signs will follow those who believe: In My name they will cast out demons; they will speak with new tongues; they will take up serpents; and if they drink anything deadly, it will by no means hurt them; they will lay hands on the sick, and they will recover. So then, after the Lord had spoken to them, He was received up into heaven, and sat down at the right hand of God. And they went out and preached everywhere, the Lord working with them and confirming the word through the accompanying signs. Amen.** (Mark 16:15-20)

The healing of the sick in the Name of Jesus is given as one of the signs which follow true believers. But today, man in his 'wisdom' has decided that these healings were for Biblical times only and in so doing denies the power of God and His ability to still perform miracles. It is God's Supernatural power that is necessary to confirm Christ's claims by means of miracles. By this demonstration of God's Power, the unbeliever sees a living God in action, and he too believes. We have seen with our own eyes at the Christian centre, how non believers, Hindus, come for pray and the Lord touches them and heals them as I pray for them in the name of the Lord Jesus Christ. I make sure to tell them that it is He alone who heals, and that He is also their Saviour if they receive Him as their only God. After they experience the miraculous healing touch of God in their bodies, they are ready to make Jesus Lord of their lives.

In Matt. 28:18-20 we read: **Then Jesus came and spoke to them, saying, "All authority has been given to Me in heaven and on earth. Go therefore and make disciples of all the nations, baptising them in the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, teaching them to observe all things that I have commanded you; and lo, I am with you always, even to the end of the age." Amen.** The end has not yet come, so we can assume that we are to continue in the things that the Lord commanded His disciples to do while He was still on earth, and this includes healing the sick.

We can also, therefore accept without reservation the fact that God still heals today, because it is His Will to heal. It is His purpose to destroy the works of the Evil one, according to Acts 10:38 and I John 3:8, because He loves you and desires to heal you. He wants to heal you so that you can serve Him with joy and gratitude and so that you will go out and help to bring in the harvest having experienced God's miracle working power in your life. It is always the goodness of God that leads man to repentance. (Romans 2:4)

We receive many letters and telephone calls everyday at the Stanger Christian Centre, and they come from people all over South Africa and beyond. Ninety percent of all the prayer requests are for healing. There is so much pain and sickness around us, and so many suffering people, and our hearts go out to each one of them. We are often asked the question, "If God is a God of love, why does He cause people to suffer?" Good question, but one which shows a real lack of knowledge of the Bible, because God is not the author of sickness and disease, Satan, our enemy is the culprit.

As far back as the Garden of Eden, where God created Adam and Eve perfect in every way, free from sin and sickness, Satan came onto the scene in the form of a serpent and tempted the pair to rebel against God, and in so doing, sin, and fall from His grace. We read the account of this in Genesis chapter 3.

It is at this point, that sickness entered the world, through the sin of man, and Satan started to pervert all that God had made so perfectly. Sin separated man from God, and when man is separated from his Maker, he is defenceless against Satan and his devices, including sickness. It was Satan's aim to destroy God's greatest creation, namely, man and woman, and he uses sickness and disease to achieve this. (For a fuller understanding of our enemy and his strategies, his origin, and the origin of his demonic angels please read our book "Know Your Enemy".)

The Bible tells us clearly that Satan is the cause of sickness and disease because in Acts 10:38 we read, **how God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Spirit and with Power, who went about doing good and healing all who were oppressed by the devil, for God was with Him.** Take note that Jesus Christ is the Healer and is good, whilst the devil, Satan, is the oppressor, and the cause of the sickness and oppression.

I repeat, Jesus Christ is the Healer, the devil is the oppressor. Then we read about a woman who for eighteen years suffered from rheumatism or arthritis, and who was bent double and unable to straighten up.

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Prys die Here!! Ek het dr James se kantore geskakel toe kanker by my pa gediagnoseer is. Hy het weer gegaan vir toetse (9 April 2008) en daar is GEEN teken van kanker by hom opgespoor nie. Deur God se genade en gebed is hy genees. Ons kan nie genoeg dankie sê vir ons Hemele Vader en dr James en sy personeel wat saam met ons gebid het nie. Niks is onmoontlik by God nie. Ons hou aan glo, bid en vertrou. God seën almal by die sentrum.

Mev A Maritz, Waterval Boven

My man Org was in die hospitaal opgeneem vir sy regter onderbeen wat geweldig geswel was. Dit het soos 'n stomp gelyk en was bloupers. Na drie dae het die internis hom ontslaan en vir my dogter gesê ons moet aanvaar hy is oud (hy is 85 jaar). Hy kan niks vir hom dien nie! Die volgende oggend vroeg het ek die sentrum geskakel en Meg het geantwoord en ek het gevra vir dringende voorbidding. Sy het in haar rustige stem gesê dat sodra Dr. inkom sal julle vir Org bid. Dr. James, ek het voor my oë binne 3 dae, die grootste wonderwerk uit God se hand aanskou! Op die 3de dag toe hulle hom na my toe bring (Hy's nou in die verswakte afdeling) was daardie been so normaal soos die ander een!! Dis 'n wonderwerk uit die hemel. Juig en Jubel saam met my vir die Grote God wat ons aanbid. Ere aan God in die hoogste Hemele! Jesus het hom aangeraak. Dankie Jesus! Dankie ook aan julle dierbare kinders van die Here daar by die Sentrum, en Dr. James wat ons altyd in u briewe verseker dat u vir ons almal bid. Seën vir julle.

Mev M Joubert, Springs

Graag wil ek julle bedank vir julle gebede vir ons skoondogter Irene, wat gediagnoseer was met kanker. Sy het middel Februarie 'n baie groot gewas onder haar arm laat verwyder. Twee dae later het die toetse bevestig dat dit 'n aggressiewe kanker is. Sy moes onmiddellik teruggaan vir verdere toetse om vas te stel waar die oorsprong van die kanker is. Ek het u Sentrum geskakel en vir julle gevra dat julle haar sal opdra in gebed. Die spesialiste het al wat 'n moontlike toets en scans op haar gedoen maar kon geen verdere spoor van hierdie aggressiewe kanker kry nie. Ons loof en prys ons groot Geneesheer Jesus Christus vir so 'n wonderwerk. Baie dankie vir julle gebede asook vir ons familie in die verlede. Ons dien 'n groot God!! Groete in die naam van Jesus. **Mev M Slabbert, Parys**

Ek is so dankbaar dat ek 'n geleentheid kry om vir u 'n briefie te skryf. Eerstens wil ek u almal bedank dat u vir my nek gebid het, plus minus 'n maand gelede het ek geskakel vir voorbidding. Ek het vasgehou en my liewe Heer al die pad vertrou en geweet op Sy tyd sal Hy my verlos van die pyn. Al die eer aan onse Heer. Wat 'n wonderlike gevoel was dit nie toe ek net een oggend wakker word en geen pyn voel nie. Weet u hoe het Satan my gekasty met: "dit kan nie gesond word want daar is mos - soos dokter 3 jaar gelede bevind het – 2 gate in jou nek." Ek het elke keer gesê: Satan my Here kan die gate toestop soos Hy blindes se oë geopen het en dooies opgewek het. Dankie liewe Heer u het Satan alweer oorwin! Halleluja, prys Sy Naam!! Gebed is ons sterkste wapen. Dankie dat u altyd bereid om vir ons in te tree by ons Skepper. Baie liefde groete en sterkte.

Violet de Lang, Pretoria Noord

> **"Dis 'n wonderwerk uit die hemel. Juig en Jubel saam met my vir die Grote God wat ons aanbid. Ere aan God in die hoogste Hemele! Jesus het hom aangeraak. Dankie Jesus!"**

Op 29 Januarie het ek voorbidding gevra vir my seun Johan en kleinseun Johnny. Die Here het hulle opgetel en loop 'n pad met hulle. Johnny het 'n beter werk gekry met 'n groter salaris waarmee hy vir hulle 'n kamertjie kon huur.

Mnr J Coetzee, Potchefstroom

Ek skryf aan u van my skoonseun Andrè van Wyk wat nierstene gehad het. Die Here het dit afgebring. Dit was toe ek in my kamer was en hy het die middag eers gaan werk. Toe staan hy in my kamer met 'n papier en hy lag en sê kyk ma hoe is die stene wat my so seer gemaak het. Ek sê vir Hom Prys die Here. Hy het dit vir jou gedoen. Ek loof die Here, alle ere hy het 'n wonderwerk gedoen. Ons kan die Here nie genoeg prys en loof nie. Die Here is die Groot Geneesheer! Prys Sy wonderlike naam.

Mev M van der Westhuizen, The Reeds

Gedurende Januarie het ek aan u geskryf en gevra dat u en u gebedsgroep vir my sal bid omdat ek skielik 'n blaasinfeksie probleem ondervind, en ek is reeds 83 jaar oud. Baie dankie vir u gebede en ook vir u brief wat ek ontvang het. Al die bloed toetse was skoon, en nou sal ek teen die einde van Maart hoor of die prostaat toets ook skoon is. Ek is dankbaar vir die Here wat ons gebede verhoor, en ook mense soos u wat getrou bly. Nogmaals baie dankie!

Mnr A Wud, Meyerton

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Woord van God...)
prinsiepe daarvan, gaan dan terug na dit wat jy kan sien, en dit is die Ou Testamentiese tipes en skadubeelde. Hulle was letterlike voorwerpe: werklike wolke en vuurpilare. Deur te verstaan hoe die kinders van Israel werklike deur die woestyn gegaan het, kan jy geestelike waarhede begryp, wat die doel is van die Ou Testament. Dit is die doel daarvan: om ons wat in die eindtye lewe te help om die weë van God te begryp.

Wat die Ou Testament aanbetref is dit korrek om te sê dat die nuwe in die oue is, en die oue in die nuwe verduidelik word. Elkeen is onvoltooid sonder die ander en hierdie begrip sal ons laat besef dat ons maar 'n baie onvolledige Bybel sou gehad het sonder die Ou Testament – daarom die twee dele in die Bybel. Daar is honderde aanhalings en al manier waarop jy die terme kan verstaan is om terug te verwys na die Ou Testament en te lees waaroor daar gepraat was. Dink maar aan die priesterskap en die offerandes en die Bloed, om maar 'n paar te neem. Dan is daar die gedagte dat die Skrif sy eie interpreteerde is. Ons fouteer dikwels in die kerk deur 'n woord wat ons in die Bybel vind te gaan naslaan wat 'n bekende Bybel verklaarder daarvan sê – die beter verklaring is in die Woord self. Want jy sien, die Nuwe Testamentiese Kerk het nie geleerde Bybelverklaardes gehad nie. Hulle het net die ou boekrolle gehad en as hulle nie iets verstaan het nie, het die Heilige Gees vir hulle insig gegee, wat hulle dan in die Nuwe Testament neerskryf het vir ons inligting. Dit is belangrik om die leerstellings van die Bybel te verstaan. Baie mense sê: "Ek glo nie allerhande goed nie. Ek het net vir Jesus lief en dis al wat saak maak." As jy so 'n mens is, is jy glo nie, maar wel wie jy in glo. Dit klink baie geestelik maar dis misleidend, want wat jy glo het 'n geweldige invloed op jou ganse wese en omstandighede. Wat jy glo bepaal jou karakter (wie jy is),, jou dade (wat jy doen) en jou destinasie (waar jy heengaan).

Daarom die uiterste noodsaaklikheid om jou karakter, aksies en bestemming deur die leerstellings van God te laat bepaal, gevolglik is dit lewens belangrik om die Woord van God te bestudeer. □

"Daarom die uiterste noodsaaklikheid om jou karakter, aksies en bestemming deur die leerstellings van God te laat bepaal, gevolglik is dit lewens belangrik om die Woord van God te bestudeer"

waarskynlik die mees kwesbaarste persoon vir satan se aanvalle! (Joh. 10:10) Want jy is in 'n vloeibare toestand reg om opgevang te word deur enige verleidelike of slim praatjies omdat jy nie weet wat jy glo nie! Dis daarvan dat die Woord praat, dat jy soos golwe heen en weer geslinger sal word deur die lering, bedrieëry en sluheid van menslike dwalinge……

Ons weet ons lewe in die tyd dat satan die Liggaam van Christus aanval met alles tot sy beskikking want sy tyd het min geword. Een van sy subtielste aanvalle is deur middel van allerhande foutiewe leerstellings! Daarom is dit uiters belangrik dat ons die leerstellings van Jesus Christus sal ken en verstaan. God verlang dat ons sal weet wat ons glo, dat ons voete sal staan op die Woord sodat wanneer die winde van leerstellings kom en iemand sê: "Kom luister na hierdie nuwe openbaring," jy sal weet wat jy glo en nie jou ore sal uitleen nie!

Dis belangrik dat jy die fundamentele leerstellings van die Bybel sal verstaan, dat jy sal weet waar staan die Kerk waar jy aanbid, en dat jy voorbereid sal wees op die winde wat in die laaste dae sal waai en wat jou wil verlei en wil verstrengel. Maar laat ek hier ook tog net 'n ernstige woord van waarskuwing rig in lyn met wat ek al keer op keer in die nuusbriewe en in ons boeke gesê het: moenie vassit in die oorlewering en tradisies van mense wat God se Woord kragteloos maak nie! (Matt. 15:6-9) Dis net sò gevaarlik as om nie seker te wees van wat jy glo nie! Kan jy nou verstaan dat 'n Kind van God nooit sonder kennis van die Bybel kan groei of kan staande bly in hierdie tye nie. God beteken vir 'n mens net soveel as wat Sy Woord vir jou beteken! Jy kan dus nie sê jy het Hom lief en net afskeeptydjie aan Sy Woord bestee nie!

Die woord leerstelling beteken eenvoudig onderwys of instruksie oor 'n sekere onderwerp. Alle leerstellings kan verdeel word in twee groepe: die leerstellings van God of die leerstellings van die duiwel. Die inhoud van die leerstellings is die woord: of die Woord van God, of die woord van satan. God se leerstellings is die Gees van Waarheid. Daar is mense wat sê dit maak nie saak wat jy



uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,

Ja, Jesus het gekom om die "werke van Sy Vader" te doen en het die groot taak volbring wat voorbeskik was vir Hom om te doen! Ons dank God dat Jesus gewillig was om Sy Vader se wil te doen, want deur Sy sending te vervul, is ek en u by magte om kinders van ons Hemelse Vader te word deur versoening, deur die gestorte Bloed van Jesus! Ek kan nie eers daaraan dink wat met ons sou gebeur het as Jesus nie God se plan en doel vir Hom vervul het nie. Daarom, elkeen van ons wat geroep is in die familie van God het 'n spesiale en individuele doel en opdrag wat aan ons toevertrou is hier op aarde deur ons Hemelse Vader, sodat Sy doelstellings deur ons uitgevoer kan word. Julle mag dink "wel ek is nie Jesus nie" en dit is waar, maar aan elkeen van ons is die Woord of bediening van versoening gegee, die Bybel sê dit vir ons in 2 Kor. 5:19. Het u al aan die feit gedink dat God u op 'n baie strategiese en belangrike plek geplaas het om die verlorenes te bereik met wie u elke dag in kontak kom? Miskien is u die enigste een, wat die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus ken, en by magte is om daardie "een" verlore siel na 'n ewige lewe in die Hemel te lei. Ons is God se voete en mond, Sy Liggaam hier op aarde, en ons doel is belangrik vir Hom, omdat Hy elkeen in die wêreld liefhet en begeer dat elkeen gered moet word en tot kennis van Sy Seun Jesus Christus moet kom.

Joh.3:16: **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** Soms het ons die verkeerde idee dat dit iets is wat net vir die pastoor of predikant bedoel is om te doen, maar die waarheid is dat elkeen van ons verantwoordelik is om te "gaan" en die Goeie Nuus van Jesus te "vertel" (Mark. 16:15-18). Laat ons weereens die ontsagwekkende verantwoordelikheid oordink van die roeping en opdrag van elkeen van ons aangaande die wen van 'n siel of siele vir die Koninkryk van God. Elkeen van ons sal eendag voor die Here staan en 'n verslag lewer van wat ons gedoen het met dit wat ons gehad en geweet het. My doel is glad nie om u onder veroordeling te plaas nie, maar om u opnuut aan te spoor. Die engele in die hemel jubel en juig wanneer u of ek een siel tot redding bring.

Al wat nodig is, is 'n gewilligheid en God sal aan u die vrymoedigheid gee en die woorde om te spreek. Vra Hom vir 'n geleentheid om vandag met iemand te praat en elke dag soos Hy u lei na diè wie Hy voorberei en bedoel het vir u om na uit te reik. Dit sal 'n lewenswyse vir u word. Onthou, u hoef net teenoor andere te getuig oor wat Jesus in jou lewe gedoen het en laat die resultate aan die Heilige Gees oor om die werk van oortuiging in hulle harte te doen. U kan hulle nie red nie, God doen dit, maar u kan die instrument wees waarmee God dit doen, en u kan sekerlik die Goeie Nuus aan die rondom u vertel, u buurman, u familie en u vriende. Ons is in die wêreld om Sy wil te doen en Sy wil is om die 'een' verlore skaap te soek en te vind. Sal u help om hom te vind en in die skaapkraal te bring? U beloning deur dit te doen is baie duidelik in God se Woord opgeteken.

Baie dankie vir julle liefde en navraag oor my welstand en gesondheid! Ek is dankbaar om te antwoord dat dit met my baie goed gaan en dat ek sterk is in die sterkte van my Here wat my help en my elke dag krag gee. Ek is dankbaar vir Sy seëninge en leiding en ek is van plan om beskikbaar vir Hom te wees vir Sy doel so lank as wat Hy my nog nodig het. Ek kan soos Paulus sê in **2 Kor. 4:16: Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe.** Die Oes is werklik groot en die insameling daarvan is baie belangrik, veral met die dringende tyd en soos ons al die tornado's, siklone, aardbewings (15000 in Sjina oorlede), hongersnood en oorloë sien. Jesus het dit alles in Matt. 24 geprofeteer.

Julle is altyd in ons gebede, en ons is dankbaar teenoor ons Here vir elkeen van u. Weereens baie, baie dankie vir julle ondersteuning op elke gebied, wat ons in staat stel om aan te gaan om die werk van die Vader te doen.

Baie liefdegroete

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

(Continued from page 4 - Jesus came to do the….)

Luke 13:16 (Jesus said) Ought not this woman, being a daughter of Abraham, whom SATAN HATH BOUND, lo, these EIGHTEEN YEARS, be loosed from this bondage on the Sabbath day?

Notice again: Jesus very clearly states that it is Satan that has bound her. This is yet another witness out of God's Word that describes Satan as being the one who binds people with sickness and disease. It is amazing how theology and tradition fail to see this truth and often attribute disasters to God, yet it is so clear in God's Word that Satan is the great oppressor of man who was created in the image of God. (Gen. 1:26)

Now I know that there are many people who, through lack of knowledge and ignorance, will say, "Ah, but what about Job? Didn't God bring disaster upon him? And what about Paul – God gave him "a thorn in the flesh". Let us consider both these cases in the light of God's Word.

In Job's case, God had provided a hedge around him and his house (Job. 1:10) and Satan wanted God to break down this hedge. But Job himself broke it down, when he said, in Job 3:25: **For the thing I greatly feared has come upon me, and what I dreaded has happened to me.** Fear is the opposite of faith and trust, and will give place to the enemy. Always remember to deal with fear or anxiety as soon as it wants to raise its head in your life. You do this by believing and trusting in God's Word and His promises for your given situation, instead of listening to the lies of Satan. Then again in Job. 1:21, Job declares: **The Lord gave, and the Lord has taken away; blessed be the name of the Lord.** It is true that God did give Job all his blessings, but it is not true that God was the One who took them away, Job should have known this, because it is God who gives, and the devil who takes away, and this is confirmed in Job 2:7, which says: **Then Satan went out from the presence of the Lord, and struck Job with painful boils from the sole of his foot to the crown of his head.** Notice once again here, that it was Satan who brought the disease and calamity upon Job – certainly not God, and in Job 42 verse 3-6, Job at last admits to God: **Therefore I have uttered what I did not understand, things too wonderful for me, which I did not know. I have heard of You by the hearing of the ear, but now my eye sees you. Therefore I abhor myself, and repent in dust and ashes.** The result of Job finally realising that God was his provider and his protector, and that his enemy was the devil, resulted in Job 42 verse 10, which reads: **And the Lord restored Job's losses when he prayed for his friends. Indeed the Lord gave Job twice as much as he had before.** Notice once again that God is the giver!

God did indeed "allow" Satan to afflict Job, but God also "allowed" Adam to sin, although He had clearly told him beforehand not to do so. Job and Adam had a God given free will, just as we have, a free will with which to make choices. We are able to choose between right and wrong, to be obedient or disobedient.

According to Biblical scholars the whole story of Job took place over a period of between 9-12 months (Job 7:3) During all those months Job sighed and complained and even called out in unbelief, but when God corrected him in Job 40:1, Job repented and began praying for his friends. And what did God do? As we read before **Job. 42:10: And the Lord turned the captivity of Job, when He prayed for this friends, also the Lord gave Job twice as much as he had done before.** The King James Version speaks about "the captivity of Job." In other words Satan had held Job captive and God set him free. Read our book "The Christian and Job".

Who initiated Job's problems? Satan! But God changed Job's circumstances so that once again he received good health, abundance, joy and peace, and that is what He wants for each one of His children.

With regards to Paul's thorn in the flesh: Let us read what is written in 2 Cor. 12:7: **And lest I should be exalted above measure through the abundance of the revelations, there was given to me a thorn in the flesh, the MESSENGER OF SATAN, to buffet me, lest I should be exalted above measure.**

There is no mention of sickness in this Scripture - Paul himself says it was a messenger of Satan who buffeted him. And one can well understand that Satan wanted to make life as miserable and difficult for Paul as he possibly could, for was Paul not a mighty instrument in the Hand of God leading souls to repentance and proclaiming Jesus Christ as Messiah? Tradition of man has handed down the lie that Paul's thorn was a physical ailment, and there are modern translations of the Bible which actually state that Paul was sick and suffered with a painful physical disease. This is adding to God's Word, and is a total assumption of man. The original Greek definitely says nothing of the sort. God did not afflict His beloved Paul with sickness, neither does He afflict any of His children who walk according to his Will! Read our book "Paul's Thorn in the Flesh".

Joh. 10:10: The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have it more abundantly.

When Jesus spoke about the thief in the above Scripture, He was referring to the devil, and the devil comes to steal and to kill and to destroy. Sickness steals our health, peace, joy and finance.

I John 3:8: He that committeth sin is of the devil: for the devil sinneth from the beginning. FOR THIS PURPOSE THE SON OF GOD WAS MANIFESTED, THAT HE MIGHT DESTROY THE WORKS OF THE DEVIL.

Sin is of the devil and Jesus came to destroy sin. Jesus came to destroy the works of the devil. Be assured that sin and sickness are of the devil, our enemy, and that he is the author of our problems, not God. We can therefore come to our Heavenly Father with confidence when we require healing. We also know that we should shun sin and resist the devil and his temptations at all costs. James 4:7 tells us that if we submit ourselves unto God and resist the devil, he will flee from us. One of the most important issues in any army is to be able to recognise and know the enemy. He has been exposed to you now and you are no longer blind to his motives and intentions. We praise God that He sent Jesus to defeat the enemy through His finished work at Calvary so that you and I can experience the benefits of the Cross.

Col. 2:15 tells us that, **God disarmed the principalities, and powers ranged against us and made a bold display and public example of them, in triumphing over them in Him** (Jesus) **and in it** (the cross). Hallelujah! ☐